Geloofsfamilie
Vaalpark
NG Kerk

# Gebedsbulletin
# No. 07 van 2026

## 15 Februarie 2026

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Onderdanigheid is nooit vloerlappigheid nie

Die Griekse woord “hupotassomai” word dikwels in Afrikaanse Bybelvertalings met onderdanigheid vertaal. Nee, “hupotassomai” beteken nie vloerlappigheid nie. Of slaafse onderdanigheid nie. Of opinieloosheid nie. Of ’n ekskuus-dat-ek-leef-ingesteldheid nie. “Hupotassomai” veronderstel ’n ingesteldheid van diensbaarheid teenoor ander. Dit gaan daaroor dat jy doelbewus jou eie idees, behoeftes en belange nie bo dié van iemand ander ag nie. Dit is sinoniem met opoffering en nederigheid. Nee, sulke diensbaarheid geld nie net vir vroue teenoor hulle mans nie. Voordat Paulus dit van vroue in Efesiërs 5:22 vra, skryf hy eers in vers 21 dat mans en vroue beide dit aan mekaar moet bewys. Hulle moet wedersyds diensbaar aan mekaar wees. (Ongelukkig het die 1953-vertaling ’n opskrif tussen vers 21 en vers 22 ingeforseer, sodat dit die indruk skep dat slegs vroue diensbaarheid aan hul mans verskuldig is. Dit was ’n fout, want die oorspronklike taal se sinskonstruksie maak dit duidelik dat Paulus reeds in vers 21 verwys na wedersydse onderdanigheid aan mekaar!)
Diensbaarheid word van alle gelowiges in verskillende kontekste verwag. Of ons leiers is en of navolgers is, ons almal moet diensbaar wees aan mekaar wees. Nogmaals, dit is nie vloerlaptaal wat baas-klaas-verhoudings in stand hou nie. Jesus is ons voorbeeld hier. Soos wat Hy Homself ter wille van ons almal prysgegee het, offer ons ook ons eie gerief, voordeel en gemak tot voordeel van mekaar op. Ons is diensbaar teenoor ons huweliksmaats, gelowiges, kollegas en almal wat ons paaie kruis - vriende en vreemdelinge inkluis. Ons dien ander ter wille van Christus. Ons maak plek vir ander se laste op ons skouers, soos wat Galasiërs 6 ons leer om te doen.

***deur* Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Spokie Vorster
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Oom Piet Pretorius
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Hannelie Ball
Rina Roos
Marinda Jordaan
Jaco Meyer
Amanda J van Rensburg
Johan Oosthuizen

**God het die huwelik ingestel as ’n heilige verbond.**

*** 💍 “Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.” Matt. 19:6**

*** ’n Huwelik wat op God gebou is, staan vas. Wanneer liefde geduldig en vriendelik is (1 Kor. 13), groei dit sterk en blywend.**

*** Sit God eerste - en julle liefde sal altyd ’n vaste fondament hê. 💜**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan ‘n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## GEDAGTE VD WEEK

***Vir elke man en vrou:*** Kies hierdie week

- *weer vir mekaar*
- *praat met sagtheid*
- *luister met begrip*
- *vergewe vinnig*
- *bid saam*

***’n Sterk huwelik word nie gebou op perfekte mense nie, maar op twee harte wat God eerste stel.*** 🧡

*Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae’s . . .*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in